Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

14 Oktober 2018

OGGENDDIENS: Ds. Piet

Ons het die afgelope twee Sondae sterk gefokus op die sentrale plek van die Woord van God in ons lewe. Ons het gekyk hoe die Woord uit die lewe van die kerk en gelowiges kan wegraak en watter kragtige uitwerking die Woord het as God ons daarmee konfronteer.

Verlede Sondag het ons uit die gelykenis van die saaier gehoor dat die Woord die saad is wat God in ons lewe saai om ons te verlig sodat ons ook ander kan verlig. Ons het ook gehoor dat ons versigtig moet wees hoe ons na die Woord luister.

Vandag trek die Here vir ons die gordyn van die doderyk oop om ons te wys wat die gevolg is van iemand wat na die Woord luister en iemand wat nie na die Woord luister nie. Jy het niks meer as net die Woord nodig om gered te word nie. Maar dan moet jy doen wat jy hoor en leef volgens die Woord.

Moenie wag dat een of ander groot ding (wonderwerk/ingryping) in jou lewe moet gebeur voordat jy jou aan God en sy Woord steur nie. Dit kan dalk te laat wees.

Tema: Wie luister na die Woord en daarvolgens leef, ontvang die heerlike beloftes daarvan. Wie dit nie doen nie, word ontnugter.

Lofsang met die oog op die erediens
Lied 292: 1, 2; Lied 253: 1, 2 en
Lied 258: 1, 2, 3

Ontmoetingsdiens
Intreelied Ps 25-1: 7; Votum; Seen; Loflied Ps 40-2: 1, 2, 7, 8 (Mel Ps 100); Geloofs-belydenis: NGB art 7

Verootmoedigingsdiens
Die Wet uit Eksodus 20; Sing Ps 119-2: 1, 19; Gebed

Woorddiens
Skriflesing: Lukas 16: 14 - 31;
Fokusgedeelte 19 - 31
Teksverse: 31
Sing Sb 14-3: 1, 3; Woordverkondiging

Antwoorddiens
Gebed; Liefdegawes; Gebed van leiers vir gemeente; Sing Sb 15-7: 1, 2, 4; Seen; Amenlied Sb 13-3.

GROEPBEDIENING

Ons Woordbediening vind vanaand in kleingroepe plaas. Daar kom ook ‘n groep om 17:00 by die kerk bymekaar.

MEELEWING

- Rita Schutte (Groep 27 - 082 654 2811) word steeds in Klerksdorp behandel en dit gaan beter met haar.
- Tannie Hannie Kruger (Groep 1 - 083 293 0944) se operasie het goed afgeloop en sy herstel tuis.
- Oom Grobbie Grobler (Groep 31 - 018 290 9974) is met longkanker gediagnoseer en sukkel baie met sy gesondheid. Hy is fisies baie swak. Ons bid hom en tannie Annatjie krag en troos toe.
- Baie geluk aan Naas en Elsie Ferreira (Groep 31 - 072 449 1982) met die geboorte van hulle eerste kleinkind, Emma. Ons is saam met julle bly en dankbaar.
- Prof Bert en tannie Gep Floor (Groep 28 - 018 297 4360) was die afgelope week op 10 Oktober 67 jaar getroud. Baie geluk! Julle is vir ons ‘n mooi voorbeeld!

Ons bid dat die Here beterskap/bemoediging en troos sal gee.

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Janet vd Walt, Isak vd Walt, Tjaart Snyman, Bert Floor, Jacoba v Rooy, Magdaleen Venter, Grobbie Grobler, Andy en Blossom Pretorius en Koos en Marlene Jooste.

ONDERSTEUNING VIR SIEKES

Vir ondersteuning of besoeke deur die hospitaalbesoeke-diensgroep, skakel hierdie week vir: siekes@oosdoppers.co.za of Susan Lourens (073 898 0181) en Hendrik vd Walt (079 022 2526)

PROGRAM VAN DIE WEEK

Vandag

09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenddiens
Kleuterbediening
Katkisasie les 21
Tee en Koffie in die Skuur
16:00 Kooroefening
Groepbediening

Maandag

Geen Kommunikasie-diensgroep vergadering
18:30 Vlamvat-taakspan vergader
Bestuursdiensgroep vergadering skuif na 22 Oktober

Dinsdag

06:00 Manne-ondersteuningsgroep
18:00 Sustersbestuur
18:00 Katkisasie gr 11

Woensdag

10:00 Amandelbloeisels
17:30 Katkisasie Gr 8 - Jaco Lemmer
17:30 Katkisasie Gr 10 - Herman Stavast

AFKONDIGINGS

- Liefdegawe vanoggend vir Barmhartigheid (Zapper betaal-metode beskikbaar)
- Gawe by die deure vanoggend vir die Emeritusfonds.
- Gawes volgende Sondag vir die Diakonie.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit in die bussies by die deure.
- Diensbeurte: Groep 28 en 29.

STEEDS VLAMVAT: GEMEENTELEIERS BID VIR LIDMATE

‘n Tyd gelede het ons vir lidmate gevra om

hulleself te verbind om op gereelde grondslag vir die leiers in die gemeente te bid. Ons is baie dankbaar vir lidmate wat hierdie onderneming nakom en getrou voorbidding doen.

Die leiers van die gemeente wil vandag graag hulleself verbind om vir die lidmate op gereelde basis voorbidding doen. Ons sal op gepaste wyse vandag hierdie onderneming deurvoer en ons bede is dat hierdie voorbidding vir mekaar werklik tot geestelike groei van almal in die gemeente sal bydrae. Deur volhardende gebed blaas die Gees die geloofvuur weer hoog aan!

Oosdoppers bid saam asb:

(Lees asb eers die volgende verse in die Bybel) - Filippense 1: 3-6

Om dankie te sê:

- Vir ds Piet en al die predikers wat die gemeente met Woordverkondiging en huisbesoeke bedien. Dat hulle deur God toegerus sal word met krag van Bo.
- Vir elke lidmaat wat getrou besig is om vir al die gemeenteleiers te bid.
- Vir al die gemeenteleiers wat op hulle beurt ook onderneem het om vir elke lidmaat in die gemeente bid.
- Vir die sukses van die Kinderfees en elkeen wat daarby betrokke was.
- Dat die vlamvat-proses nog sterker sal opvlam en elke lidmaat brandend sal word.
- Vir die suksesvolle afhandeling van die gemeente Mooirivier se afsluiting.

Om te vra vir:

- God se seën en genade vir …
    - Die Naskoolse Jeugspan (onder leiding van Hanno Van Schaik) vir die finale beplanning en implimentering van hulle jeugstrategie vir ons gemeente.
    - Die Skoolgaande Jeugspan (onder leiding van Chris de Bruyn). Dat hulle ook met ‘n doelgerigte beplanning al ons kinders mag betrek en toerus.
- Elke lidmaat (klein en groot) se bereidheid tot betrokkenheid en diens-baarheid. Dat elke lidmaat die waarde en noodsaak van deelwees van ‘n kleingroep sal besef.
- Die suksesvolle finalisering van ons gemeente se 2018 jaarprogram.

Gebedsgeleenthede:

- Ons bid elke Sondagoggend om 09:00 in Elim vir die erediens. Kom bid saam met ons asb!
- Elke tweede Woensdagaand vergader ons gemeente se Gebedsgroep by Richard-sonstraat 103. Ons sal dit so waardeer as daar nog lidmate is wat wil kom saambid (Die datums is op die kalender).

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Maandag, 15 Oktober

Sr Naomi Pretorius	082 853 5108
Jbr Stephan Terblanche	
Jsr Carla vd Merwe	083 379 9154

Dinsdag, 16 Oktober

Jsr Veronique Geyer	056 811 5516

Woensdag, 17 Oktober
Sr Estelle v Hamburg 082 779 1401

Donderdag, 18 Oktober
Jsr Cherenè Lake 079 876 3517
Sr Susan Lourens 073 898 0181

Vrydag, 19 Oktober
Br Frans Kruger 083 793 0552

Saterdag, 20 Oktober
Br Giel Vermeulen **(77)** 082 764 4826

AMANDELBLOEISELS

Ons nooi graag al ons bejaardes na die Amandelbloeisel-byeenkoms, Woensdag 17 Oktober om 10:00. Ons open by die Skuur waarna ons vertrek vir ontbyt by Roosmaryn - bring asb R25 saam.

VLAMVAT

Tydens die gemeente se Geestelike Fondasieseminaar op 15 September het baie lidmate gevra om ds Richard se skyfies wat vertoon is te ontvang. Hierdie skyfies is, nou op rekenaar beskikbaar in die kerkkantoor. Kontak vir Adele indien u van dit wil hê.

KANSA-PROJEK

Liewe Gemeente
Ons loods weer van vandag af ons KANSA-projek vir 2018 tot einde Oktober. Elke gesin sal in die tyd ‘n koevert kry waarin julle bydraes kan lewer. Vra gerus ook vir jou kollegas by die werk, familie en vriende. Kom ons poog om met hierdie projek die hele gesin te betrek.
Dit is nou al ‘n instelling by ons Oosdoppers om jaarliks ‘n mooi bedrag in te samel vir KANSA en ons vertrou dat ons dit weer hierdie jaar sal doen. So dien ons ook ons gemeenskap.
Wanneer julle bydraes gereed is, plaas asb die koevertjie in die kollektesakkie of in die kluis. Vir enige verder navrae praat gerus met Anelle Venter wat aan stuur staan van hierdie projek (076 521 7696).

DANKBAARHEIDSFEES: 26 OKTOBER

Liewe gemeente, kom vier weer saam met ons fees om ons dankbaarheid te bewys op Vrydag **26 Oktober 2018. Dis in die vorm van 'n skaapbraai!**
Almal word hartlik na die fees uit genooi!
(Jul kan natuurlik geld, bykosse en 'n skapie skenk of dalk het jy 'n spitbraai vir ons om te leen.) Dit is noodsaaklik om die korrekte getalle te kry dus, skryf jou naam op om te verseker jy kry ook 'n lekker sappige stukkie gebraaide skaapvleis! Daar sal 'n vorm wees in die portaal!
Kontak diaken: Riaan van der Walt (082 784 9215)

OKTOBERFEES

Op 27 Oktober 2018 hou die Gereformeerde Kerk Potchefstroom hulle jaarlikse verkoping. Ons nooi jonk en oud om tussen 9 en 12 by ons te kom kuier. Daar gaan verskeie kosstalletjies, pret vir die kinders en 'n spesiale teetuin by die Klein Kerkie wees. Dis die heel oudste gereformeerde kerk in Potchefstroom. Die tradisionele pannekoek-, poeding-, koek- en vleistafel sal ook daar wees. Ons hoop om almal daar te sien. Groete van die Susters van Potchefstroom.

ALMANAK 2019

Lidmate kan weer die Almanak vir 2019 bestel teen R84 elk. Skryf asb u naam op die lys in die voorportaal. Bestellings sluit 29 Oktober!

TYDSKRIFTE

September se kerklike tydskrifte is in die kerkkantoor beskikbaar vir lidmate wat daarop ingeteken is.

KERSSANGDIENS 2018

Die Kerssangaand op 25 November maak aanspraak op almal se gawes wat kan sing.

Oefening: Sondae om 16:00 in ons kerk.

Versprei asb die goeie nuus en ek sien julle vanmiddag.

BAIE DANKIE

Baie dankie vir die voorreg wat ons kon hê om vir Carli in die gemeente te kon doop.
Groete, Christo, Marli en Carli

KENNISGEWINGBORD

- Frankfort Riviertoer 2018 vir Hoërskoolkinders - 2 Des tot 6 Des
- Boeke te koop vir Cachet: Bouprojek
- Topia Saambid- en kuier, 19 Oktober 2018.

BEROEPENUUS

BEROEP AANVAAR
Ds MJ Lourens (Thys) van Vaalpark na Nelspruit/Barberton kombinasie

ALGEMENE INLIGTING

- **WOW-HERWINNINGSPROJEK (WEN ONS WêRELD)**

Papier, plastiek, karton, glas, blikkies en polystyrene - *hoef nie gesorteer te wees nie, herwinningsitems moet wel in plastieksakke toegebind wees*. **ASB GEEN huisafval nie!** Die glas/blikkies/plastiek moet asb **uitgespoel** wees.

- **LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)**

ZAPPER

Slegs bydraes vir Barmhartigheid (Diakonie) kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie

- **SOSIALE MEDIA VIR ONS GEMEENTE**

Webblad: www.oosdoppers.co.za
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers
Beeldmateriaal van preke kan hier gesien word: http://ow.ly/ivfZ309vsdc.

KONTAKBESONDERHEDE: PREDIKANT, HULPDIENS & KANTOOR

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Prof. Herrie v Rooy – 083 700 3933
Kerkkantoor: Adele 018 290 7690
Kosterspaar: Johan 061 336 7255
Elsa 073 959 8051

SUSTERS IN DIE GELOOF

"Skuil Onder God se Vleuels"

TEESKINKGELEENTHEID

- *Baie dankie aan die groepsusters en hulle groepe se susters, broers en kinders wat met die skink en opwas help!*
- *Ons moedig susters en broers, selfs gesinne aan om met die skink en opwas te kom help – so leer ons mekaar en ons nuwe groepe beter ken!*

Tee word **vandag** deur die volgende groeplede en hul groepsusters bedien: Marlise Styger en groep 9, Hannelie Pieters en groep 19, Engela vd Walt en groep 38, asook Erika Rood en groep 40.

Volgende week skink Marlene Wiggill en groep 2, Wilma Viviers en groep 11, Christa van der Walt en groep 21, asook Marie Oosthuizen en groep 31 se susters, tee. *Baie dankie julle!*

BLIKKIES-WARMHARTE

Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in ’n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan. ***Baie dankie vir julle getroue bydra!***

BEDERFBOKSE

Ons vra dat die susters wat ‘n “bederfboks” by haar het dit asb in die voorportaal van die kerk sal los indien jy dit nog nie aan iemand anders kon oorhandig nie. Ons sal dit dan weer verder aanstuur. Baie dankie.

SUSTERSAFSLUITING – 30 OKTOBER

Blok C nooi al ons susters hartlik uit na ‘n heerlike afsluitngsfunksie.

Tema: Somer Kersfees- kaas en wyn.

Skryf asb jou naam op die lys in die voorportaal van die Skuur indien jy saam met ons kan kom kuier!

VIERDE KWARTAAL				
DATUM	**DAG**	**TYD**	**WIE**	**WAT**
16 Okt	Dinsdag	18:00	Bestuur	Susterbestuursvergadering
23 Okt	Dinsdag	18:00	Groepsusters	Groepsustersvergadering
30 Okt	**Dinsdag**	**18:30**	**Blok C**	**Potch-Oos Sustersafsluiting**
06-Nov	**Dinsdag**	**18:30**	**Bestuur en Blok B**	**Gesamentlike Sustersafsluiting**
11-Nov	Sondag	12:00	Blok D	Nagmaalete
14-Nov	**Woensdag**	**10:00**	**Bestuur en groepsusters**	**Amandelbloeisels afsluiting**
25-Nov	Sondag	18:00	Blok A	Kerssangdiens
30 Nov - 8 Des	Vry - Sat	07:00 tot 20:00	Almal	Mooirivier Kersmark

BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK! roelien

HUIZEMARK
EIENDOMSAGENTSKAP
ONS HET VOORDURENDE POSTE BESKIKBAAR
VIR AGENTE EN BEMARKERS

ONS DOEN :
Verkope & Verhurings
* Huise, * Woonstelle,
* Meenthuise,
* Besigheidspersele,
* Plase, * Plotte

huizemark you're home

VIR ALLE
EIENDOMSBEHOEFTES
SKAKEL
Rolene vd Walt
082 859 6209
Linda Nolte
082 785 3951

OOSDOPPERTJIES

Jes. 43:1b "Ek het jou op jou naam geroep, jy is myne

MOENIE JOK NIE

Eksodus 20:16 ""Jy mag nie vals getuienis teen 'n ander gee nie"

Pinocchio is een van die bekendste stories van iemand wat gejok het. Elke keer as hy gejok het, het sy neus langer geword. As so iets regtig gebeur het, was daar darem baie mense met neuse so lank soos 'n rugbyveld. Partykeer dink mense dat die nie so erg is om te jok nie. Maar God beskou dit in 'n baie ernstige lig, want Hy noem jok saam met steel en moord. Daarom dink Hy sekerlik dat dit erg is om te jok.. Die rede waarom God nie van leuens hou nie, is omdat Hy van die waarheid hou. Wys vir God dat jy Hom liefhet deur lief te wees vir dit wat vir Hom belangrik is. Daarom met jy daarvan hou om die waarheid te praat.